Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 16/4/2021

Lekker FM 98.3

Luister gerus hoe lekker praat ons hoof, mnr. Lezar, en adjunkhoof, me Mc Geer, oor ons skool en Opedag.

Uitsaaitye:

15 April - 07:40 (Reeds afgehandel)
19 April - 16:40

OPEDAG: 20 APRIL 2021

Voornemende Graad 8-Wonnies moet asseblief kennis neem van die Opedag. Weens die Covid-maatreëls mag die skool nie leerders na Die Hoërskool Wonderboom toe vervoer nie. Die skool kan egter op 20 April 2021 vanaf 13:30-18:30 besoek word.

Kom kyk gerus waar JY voetspore gaan los!

NS: Wonnie Graad 8-12

Jy hoef op 20 April nie skool toe te kom nie!

AFLEWERINGS

Graag vra ons u as ouers weer om nie pakkies/projekte/kosblikke/wegneemetes ens. vir aflewering na die hek te bring nie. Geen items gaan deur die hekwag geneem word nie. Indien u kind iets vergeet het, kan u dit naskool (14:00) self vir die leerder oorhandig.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

PUNTE OP D6

Die Departement van Onderwys verskaf jaarliks die gewigte wat take en toetse vir formele assessering moet tel. Hierdie gewigte is nog nie beskikbaar nie en die take is nog nie almal gefinaliseer nie. Die gevolg hiervan is dat geen leerder nog enige punte op die D6-stelsel kon kry nie, aangesien dié take en gewigte eers deur die Departement verskaf moet word. Sodra dit beskikbaar is, sal ons u as ouers in kennis stel. U kind se punte sal dan op die stelsel reflekteer.

VOORKOMS

In die nuusbrief van 9 April is daar aan ouers gekommunikeer dat voorkomsinspeksie gaan plaasvind. Verskeie leerders is aangespreek. Hulle moes teen 14 April reg wees. Talle van dié leerders het egter nie ag geslaan op die reëling nie. Ouers moet asseblief die skool in die verband ondersteun. Leerders se voorkoms moet te alle tye volgens die gedragskode wees. Daar moes dus nie eers vooraf gewaarsku word om die voorkoms reg te maak nie. Verseker u asseblief van die voorkomsreëls soos dit in die gedragskode is. Leerders wat nie aan die reëls voldoen nie, gaan gevra word om gou hul voorkoms te gaan korrigeer voor hul kan terugkeer skool toe.

DEELNAME

Verskeie leerders het aangedui dat hul graag deel wil neem aan sport- of kultuuraktiwiteite, maar dat hul weens die finansies van bv. toerusting/klere of vervoer nie kan deelneem nie. Graag nooi ons u om kontak met die skool te maak, sodat ons kan ondersoek hoe ons moontlik die leerders kan ondersteun om wel deel te neem. Kontak gerus die volgende personeel om u behoefte te bespreek:

Kultuur: minnaar.j@wonnies.co.za
Rugby: rugby@wonnies.co.za
Netbal: netbal@wonnies.co.za
Hokkie: vniekerk.e@wonnies.co.za

LANDLOOP

Die landloop-oefening begin Maandag.
Oefentye: Maandae-Donderdae
(14:15-16:00 – Atletiekveld)

AFWESIGHEDE

Ons doen 'n beroep op ouers om te verseker dat hulle kinders elke dag skool bywoon. Ons is werklik besorg oor ouers wat toelaat dat hulle kinders sonder die nodige doktersbriewe van die skool af wegbly. Getrouheid in 'n volwassene se beroepsloopbaan word gekweek deur ouers wat seker maak hulle kinders is elke dag by die skool. As gevolg van Covid-19 en die alternatiewe onderrigdae van 2020 is daar groot leemtes in die akademiese fondasie van leerders. Daarom is dit onverstaanbaar waarom enige ouer nie elke dag van onderrig as uiters belangrik sal beskou nie. Maatreëls rakende afwesighede, soos wat dit in die gedragskode van die skool (bl. 121 van die leerderdagboek) staan, sal streng gevolg word. Ouers moet hulleself asseblief vergewis van hierdie maatreëls.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

LEKKER fm

Magalies Park Golfdag

25 Junie 2021

Skryf jou span vandag in...

Inskrywing sluit in:

- 2 Golfkarre per 4 bal span
- Baanfooi is ingeluit
- Halfweg-huis ete
- Prysuitdeling plus LEKKER ete.

LEES GERUS

Skryf in voor 30 April 2021 en betaal slegs R3000 per 4 bal. Na 30 April 2021 is dit R3500 per 4 bal...

SKRYF NOU IN

Putjieborg - R3500

BESPREEK NOU

☎ 012 664 1167

Aanlyninskrywingsvorm beskikbaar op die LEKKER FM webblad by www.lekkerfm.com